NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

November 2007 November 2007

Redaksioneel

Hierdie is die tweede probeerslag om die "redaksionele" stukkie uit te kry. Toe ek die voorsitter se stuk ontvang sien ek dat die inhoud daarvan tot 'n groot mate ooreengestem het sover dit gaan oor hoe besig die afgelope maand was en hoe goed die uitstalling afgeloop het . Ek sal dus maar volstaan en noem dat ek glo dat ons almal saamstem dat daar hierdie maand sommer heelwat aktiwiteite was wat 'n mens kon interesseer.

I see that Roger Courtney featured in the **"Plus 50"** magazine, in that a photo of him was included where he was turning at the **Expo 50+.** So, in this little way our association was once again introduced to the world at large! (A pity it did not include a bit of a write up)

Is daar in hierdie tye waarin ons leef nie meer 'n moontlikheid dat 'n mens met iemand kan praat wat verantwoordelikheid vir iets kan aanvaar nie? Oor die afgelope maand sit ek met die situasie dat my telefoon vir een dag werk en dan vir 4 dae tot 'n week weer af is. 'n Mens skakel dan per selfoon die nommer wat voorsien is. Jy kry eerstens 'n vriendelike masjien wat jou meedeel dat die oproep teen normale selfoon-tariewe belas sal word. Dan hoor jy dat, indien jy e-pos probleme het, jy maar geduldig moet wees want hulle ervaar tans baie klagtes en sal jou help sodra hulle kan. (Vir al hierdie betaal jy hoewel jy dit nie regtig wou hoor nie) Nou meld hulle dat jy 'n sekere nommer kan insleutel om sekere hulp te ontvang. Jy druk die aangewese nommer en kom by die volgende masjien uit wat noem dat hulle jou so gou doenlik sal help en dan begin hulle vir jou advertensies lees en musiek speel. Jy raak boos maar weet jy kan nie nou opgee nie want dan moet jy in elk geval van vooraf begin (en betaal). Na jy genoeg gewag het sê iemand (in 'n ander taal wat amper soos Engels klink) "ken eye help joe? Jy stel jou saak en die persoon sê jy moet aanhang. Na 'n rukkie kom hy terug en gee vir jou 'n verwysingsnommer wat jy moet noem as jy weer navraag sou doen.

Jy probeer uitvind hoe lank dit sal neem ens maar maak nie hond haaraf nie. Die saak word aan die tegniese mense oorhandig en basta. Jy besef dat die persoon op die lyn nie verantwoordelik is, of enigsins kan help nie. Na 'n dag of wat skakel jy weer en gaan weer deur die hele proses, behalwe dat jy nou jou verwysingsnommer moet meld, net om langer aan te hou sodat hulle kan vasstel dat die tegniese mense steeds aan die saak werk. Hier êrens bel 'n tegnikus en vra of die lyn nou werk. Jy sê ewe bly: "ja" en bedank hom vir sy moeite. 'n Uur of wat later wil jy weer die foon gebruik, net om te vind dat dit weer af is. Die storie begin van voor af. Kan ek nie by iemand uitkom wat aan my kan verduidelik wat aangaan nie? Ek kan tans nie die Tambotie klaar maak nie want ek moet nog sekere bydraes kry, wat nie nou moontlik is nie. (Ek kan ook nie my banksake afhandel nie, want ek kan nie aanlyn gaan nie en wil nie na die bank ry nie, want daar gaan dit deesdae ook maar so dat jy nie met iemand met verantwoordelikheid kan praat nie. 'n Klerk kyk op die rekenaar wat jy kan, of nie kan doen nie, en dit kan, of behoort ek, net so goed of beter by my huis te kan doen.) Ek sit elke dag en wag dat die telefoon weer werk sodat ek die Tambotie kan klaar maak. Ek gaan nou afsluit en sal maar dele uitlaat (Ek het besluit om nog 'n bietjie te wag. Dit het gewerk. My foon is weer reg en hier kom die **Tambotie,** ietwat laat maar ek hoop julle sal vergeef.

Programme for November

- 10 November: The cabinet makers wil have a meeting. Due to my telephone sorrows, Danie Venter will phone the individuals to remind them of the meeting. (I hope everyone will remember the year en function!)

- Saturday, 10 November, at 17h00; Year end function of the Woodworking Association of Pretoria. (**One of the better parties, with the best company you could wish for at the end of the year! This is included in anticipation of a possible improvement of my telephone status)**

- Wednesday, 21 November, at 18h00. The turners meet at Leon Langenhoven's **farm.** Bring and braai is the main event for the day.
- Wednesday, 28 November, at 18h00: Monthly meeting at the botany Department, University of Pretoria. Log Homes and possibly detail about a Woodworking course at Midrand

Vorige vergadering

Die komitee is alewig op soek na "*nuwe"* idees en dinge om tydens ons maandelikse vergaderings aan te bied, ten einde die meeste lede se belangstelling te behou. In hierdie soeke kry hulle soms baie goeie vakmanne, wat nie goed kan praat nie. Dan weer is daar die persone wat interessant kan praat maar nie veel te sê het nie. So kan ons aanhou om aan te dui dat byeenkomste van uitstekend tot swak aangebied word. (Dit het weinig met die komitee of die betrokke aanbieder self te make, maar meer met die geluk om al die elemente van 'n goeie aanbieding op een tyd bymekaar te kry) Hierdie maand was ons weer gelukkig om al die elemente van 'n suksesvolle aand op een hoop te kon kry.

Om mee af te skop, het die voorsitter alle betrokkenes bedank vir die aanbieding van 'n suksesvolle uitstalling. Daar word verder genoem dat die **"Home Handyman"** se verteenwoordiger ook die uitstalling bygewoon het en dat hulle in 'die **Desember-Januarie** uitgawe van die tydskrif dekking aan ons sal verleen. So, u almal kan maar gerus vir die betrokke uitgawe op die uitkyk wees. ***(Terwyl ons hier op blootstelling aan die algemene publiek is wil ek tog maar weer 'n beroep op al ons lede doen om 'n daadwerklike poging aan te wend om nuwe lede te werf. Ons kan doen met nuwe bloed deurdat dit nuwe idees kan genereer. Sulke nuwe idees kan verder meebring dat ons al ons bedrywighede kan opkikker om almal se belangstelling te kan behou)***

Die voorsitter het verder die lede herinner aan die opedag van **Executool** wat op 3 November gehou sou word.

Die eintlike doel van die aand kon hierna aangespreek word. Audrey Miles, van die plaaslike houtsnyersgulde het toe afgeskop met 'n uiters geslaagde praatjie/ demonstrasie van die Dremel gereedskap. Hierdie dame het, myns insiens, die kennis, taalvaardigheid (in beide Afrikaans en Engels) asook 'n uitstekende vermoë om iets aan te bied. Die resultaat was dat die aand werklik goeie byval gevind het. Tydens die aanbieding het sy angetoon dat die Dremel, en Dremel-hegstukke (tools) nie noodwendig die enigste is waarna 'n mens moet kyk nie. Sy het ook baie gewag gemaak van die feit dat houtsnywerk netjies gedoen moet word. Sy het verskeie wenke gegee oor aspekte, soos die kleur van hout waar 'n mens daarteen moet waak dat die kleur kan vloei en sodoende die stuk kan bederf. Volgens my was haar hoof-boodskap dat 'n mens hierdie gereedskap moet gebruik en, by wyse van proefneming, die beste tegnieke vir jouself moet vind, in ag genome die feit dat houtsnywerk aan sekere vereistes moet voldoen om aanvaarbaar te wees.

From a turner's point of view this presentation was especially welcome. This is said because recently we have seen interesting efforts at carving on turned pieces. These efforts were mainly based on getting the basic ideas out of books and periodicals and then trying to implement it. The results were quite new to most of us but it generated lots of interest with the turners. I believe that Audrey's talk came at the right time, and had just the right amount of information, to finally convince more of us to try this on work that we may be planning for the future.

Audrey het aangedui dat sy gewillig is om enige spesifieke vrae te beantwoord waar van ons lede probleme met die gebruik van hierdie tipe gereedskap sou ervaar. Haar telefoonnommer is: 012 333073 of 083 524 0513.

As a token of our appreciation, the chairman presented her with a natural edged, bowl, that was turned by one of our members.

Audrey receiving the bowl from At Smit.

Next meeting

Our next meeting, on 28 November, at the Botany Department, University of Pretoria will be about Log Homes. We will also try to supply more information about woodworking courses being planned at Midrand. **This will be the last meeting for 2007!**

Turner's corner

At the turner's meet a large portion of the time was spent on finalising the contribution of the turners at the Exhibition.

Willie de Wet reminded us of the fact that the AWSA Congress of 2008 will take place in Pietermaritzburg. This venue is considerably closer to home than this year's congress, and it is felt that we should therefor make a serious effort to attend in large numbers. In the same vein, we were reminded that our subs for AWSA membeship is now due. (The R100 to be forwarded to Lou Coetzer at the earliest possible time) Gigi, the editor of the AWSA newsletter furthermore asked for articles for inclusion so that the rest of the country may be aware of our doings!

Our next meeting , will bve on 21 November at about 17h00. This will be at Leon Langenhoven's place. Turn what you want and bring it or leave it – the main event for the day will be a bring and braai**! Do come though.**

Die voorsitter se deel

Oktober was voorwaar 'n besige maand. Dit was propvol interessante en belangrike gebeurtenisse. As daar nie 31 dae in die maand was nie sou ek nie alles kon inpas nie. Ek noem net 'n paar van hierdie gebeurtenisse wat my aandag in beslag geneem het, meestal aangename dinge.

Die deelname en bywoning van die 50 plus' uitstalling by die Skilpadsaal aan die begin van die maand. Die hoogste reënval vir Oktober. Alhoewel ek dit nie gereël het nie het dit nogtans 'n invloed op my bedrywige program gehad. Genadiglik het die reën weggebly op die 20ste en kon ons uitstalling 'droog' voortgaan. Daarvoor sê ek baie dankie.

Die Jakarandas het ook geblom en ek moes 'n oomblikkie stilstaan om hierdie skouspel gade te slaan en in te neem, aangesien dit 'n volle jaar gaan neem voordat ons dit weer gaan sien. 'n Belangrike gebeurtenis was die indiening van die inkomstebelasting opgawe. Ek vertrou almal het deelgeneem aan hierdie aktiwiteit want die las word nou te groot vir my om alleen te dra.

Baie van my tyd is ook in beslag geneem deur die groot sport gebeurtenisse- veral die Curriebeker – en Springbok rugby. Daar was gelukkig nie tyd om Bloemfontein of Frankryk toe te gaan nie maar nogtans neem dit baie tyd in beslag om hierdie wedstryde suksesvol deur te sien. Welgedaan John Smit en trawante! Voorts het die Protea krieket span ook hul Paki- teenstanders afgeransel ondanks blootstelling aan groot gevaar vir hul persoonlike veiligheid. Welgedaan Graham Smith en sy trawante.

Tyd moes ook afgestaan word aan verjaarsdae en huweliksherdenkings. My eie verjaarsdag en twee huweliksherdenkings – een van my huwelik met my eerste vrou en die ander belangrike herdenking van my vrou se huwelik met my. Op my ouderdom neem dit deesdae 'n volle jaar se harde werk om tot by die volgende verjaarsdag uit te kom.

Dan was daar ook oom Paul se verjaarsdag. Ter handhawing van my etniese groep se tradisie herdenk ek steeds hierdie dag as 'n vakansiedag en volgens ons bygeloof is dit 'n belangrike dag wat aankondig wanneer kinders mag begin swem in die nuwe seisoen en ook, 'n dag waarna die eerste goeie reëns verwag kan word. Oom Paul se verjaarsdag laat my dink aan my ouma wat altyd met groot respek en deernis gepraat het van 'wyle oorlede president Paul Kruger – siestog hy is ook al dood !'

Ander kleiner persoonlik aktiwiteite wat tyd in beslag geneem het was besoeke aan die tandarts, besoeke aan Hardware Centre om daardie noodsaaklike items op spesiale aanbiedinge te bekom en die wag op die elektriese krag om weer aan te kom sodat jy kan voortgaan om die plank, wat nou halfpad deurgesaag is verder te saag en te skaaf. Ek kon nie eers hierdie wagtyd benut om koffie te maak nie aangesien die krag by die ketel ook af was. Al wat jy kan doen is om die hond nuwe toertjies te leer – maar ek het nie eers meer 'n hond nie!

So, with all these time consuming activities you can surely understand why I never had time to wash the dishes and attend the grand opening of the new Macro at Silver Lakes.

I have not said much so far about the most important event of the month (and year) namely our exhibition and open day on the 20th. The work and organising of this event was fortunately not done by myself, but by all the members of the committee as well as other co-opted members.

I cannot possibly express enough thanks to all who did a really great job in making this event such a success. We have received many compliments about the exhibition and the quality and high standard of the pieces on display. So once again I say thank you to everybody who helped and participated to make this such a great success.

Baie dankie,
AT SMIT

The exhibition

I believe that it would be in order to thank the chairman for his personal contribution towards making the exhibition so successful. This also goes for his share in the organising of our participation in the Expo 50+, as well as his liaison with other clubs, businesses and organisations on our behalf. The Woodworking Association of Pretoria gets a lot of advertising through this.

As was mentioned by the Chairman, the exhibition was once again a huge success.

Ten einde aan diegene wat nie kon bywoon nie 'n klein idee te gee van dit wat op die dag plaasgevind het, word 'n paar foto's hierby ingesluit. Dit is geensins bedoel om volledig te wees nie, en is ook nie noodwendig belangriker as iets anders wat die dag plaasgevind het nie. Dit word vertrou dat hierdie beeldmateriaal sommige van ons sal inspireer om daarna te streef om ook items van sulke hoë gehalte te lewer.

'n Deel van die houtspeelgoed by die uitstalling

Andreas Swart se stoel

Brian Addis se pragtige buffet

David Malan ontvang die Phil Irons-trofee vir die beste draaistuk.

Brian Addis ontvang die Daan Badenhorst-trofee vir die algehele beste stuk by die uitstalling!

Toymakers

Elsabe Vermaak took it upon herself to mobilise our members towards making toys for the Lyttleton Library. This project stretched over a large part of the year. On 2 November, a few of our members went to the library for the official handover of these toys. The toys were received with much enthusiasm. The library could not take all off the available toys, but Gehard du Randt volunteered to take what was left to an institution for poor children where any toys would be most welcome. It is believed that the making of toys should remain one of our objectives. It is always easy to make something for your own children or grand children and then duplicate it for handing over to worthy institutions where such toys can readily be used.

At Smit, Gerhard du Randt and the Librarian with a youngster who is trying out some of the toys.

Boeke teen afslagpryse

Fanie le Hanie van ***Executool*** het 'n aanbod aan ons lede gemaak wat 'n man moeilik kan ignoreer. Die aanbod is dat al ons lede voortaan geregtig is op 15% korting vir enige boek wat by ***Executool*** aangekoop word. Al wat jy moet doen om hiervoor te kwalifiseer is om jou geldige lidmaatskapkaart te toon. Hierdie aanbod beteken dat jy ongeveer kosprys plus 5% vir boeke sal betaal.

ENKELE VAN DIE BESKIKBARE EBOEKE

Basic Stairbuilding	Scott Schuttner
Building Stairs	The Editors of Fine Homebuilding
Choosing & Installing Hardware	Robert J.Settich
Complete Illustrated Guide to Routers	Lonnie Bird
Furniture you can Build	Joe Hurst
How to Carve Wood	Richard Bűtz
Joinery	Gary Rogowski
Making Heirloom Toys	Jim Makowicki
Selecting and Drying Wood	
Setting Up Shop	Sandor Nagyszalanczy
The Toolbox Book	Jim Tolpin
The Workshop Book	Scott Landis
The Woodworkers Guide to Hand Tools	Peter Korn
Turn a Bowl	Ernie Conover
Woodshop Dust Control	Sandor Nagyszalanczy
Woodturning A Foundation Course	Keith Rowley
Working with Wood	Andy Rae

En vele meer. Maak gerus 'n draai by Executool om van hiedie geleentheid gebruik te kan maak. Onthou net jou idmaatskapkaartjie.

Web sites

Presently, Paul Adams is in the process of collecting interesting woodworking web sites. The idea is to distribute these to members on the web so that it may become easier to get hold of useful information. You may already have received a request from Paul to indicate those interesting sites that you are visiting regularly. Please, assist Paul by letting him have your favourite sites. He will then consolidate the inputs and pass it on to all of us.

Finansiële state

Ek het verlede maand gefouteer deur net die eerste bladsy van die finansiële state aan te stuur. (Elektronies en per slakpos) Ek sluit hierdie keer hopelik alles in wat in moet wees.

Meubelmakers

Oktober het die meubelmakers by Louw Trichardt bymekaargekom om van kombuiskaste en ingeboude

kaste te leer. Louw het ons voorbereid ingewag, met beide eet en drinkgoed asook baie inligting en voorbeelde. 'n Byeenkoms wat veronderstel was om teen 11:00 klaar te wees het as gevolg van die interressantheid daarvan eers teen ongeveer 13:00 klaar gemaak. Elkeen wat die byeenkoms bygewoon het kan daarvan getuig dat Louw ons 'n deurdagte en volledige lesing oor kombuiskaste en ingeboude kaste gegee het – baie dankie Louw.

Daar is begin met die standaard mates wat vir kaste gebruik word. Aangesien hierdie mates belangrik is, word dit getoon. Belangrik om daarop te let dat die mates nie die Alfa en Omega is nie, maar dat dit binne perke gewysig kan word volgens persoonlike voorkeure. Hou net ingedagte dat die breedte van blaaie gestandardiseer is (600mm) en dat 'n breër blad as die standaard die koste gaan opjaag en heelwat vermorste materiaal tot gevolg gaan he.



Daarna het Louw getoon hoe die 'n kombuiskas aanmekaar gesit word. Maak seker dat die kas haaks is!. Dit is gevolg deur te demonstreer hoe om die pote en skopplaat aan te sit. Nadat al die kaste gemaak is, word dit geinstalleer. Die goue woord hier is weer eens – haaks. Dit is balangrik dat al die kaste ewe hoog is asook haaks. Daar moet voorsiening gemaak word vir defekte ten opsigte van mure wat nie reguit en haaks is nie, asook vloere wat nie gelyk en waterpas is nie.

Vir diegene wat gedink het dat die maak en installering van kaste nie 'n ernstige saak is nie, word die volgende foto getoon.

Nadat die onderste kaste geïnstalleer is, word die muurkaste geïnstalleer. Die volgende foto toon die opstel om te verseker dat die kas waterpas en op die korrekte hoogte is.

Hierna is daar getoon hoe om blaaie 90^{o} te las. Dit kan op twee maniere gedoen word. Met die handige gids wat Louw gebruik of sommer net met die sirkelsaag en wipsaag. Die oorgrote meerderheid van vakmanne in die kaste bedryf gebruik die sirkel- en wipsaag.

Die dag se verrigtinge is afgesluit met 'n demonstrasie oor hoe om ingeboude kamerkaste aanmekaar te sit en te installeer.

Al wat nog vir hierdie jaar oorbly is die laaste byeenkoms wat op 10 November 2007 by Leon Wolmerans (072 179 7545) te Richmondstraat 754, Erasmuskloof om 09:00 gehou word. Tydens die byeenkoms gaan ons retrospeksie hou oor die jaar se aktiwiteite en beplanning vir volgende jaar doen en sommer net gesellig saam verkeer.

(Ek is jammer hierdie bydrae het nou eers by my aangekom. Die kennisgewings ens is laat maar ek hoop die res is goed- Redakteur)

Danie Venter

REDAKSIE

Redakteur: Louw Trichardt
Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149
Telefoon: 012 653 1874
E-pos: louwmarie@icon.co.za